Dis 'n groot bevryding,
om te erken,
ek is nie in beheer nie.
My kind het ook 'n wil, mense neem hulle besluite.

Dit beteken nie ek is neutraal nie
ek het nie 'n opinie nie
ek aanvaar soos 'n pap snoek alle wat gebeur nie
en laat alles maar gaan nie.
daar is dae dat 'n versoek na **jou** kom. Wat antwoord **jy**?

"Daarna sê Jesus vir hom: "**Volg my**!" Joh 20:19.
Die hardste woord in die lewe is NEE
jy het geen reg om nee te sê nie
behalwe vir verkeerde dinge
maar as in jou termyn
as dit jou beurt is
waar jy ontplooi is
as die versoek na jou kom
die geleentheid

dan sê jy nie: "**Here, en wat van Hom**?"
Johannes 21:21

"Jesus antwoord hom: "**As Ek wil dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. VOLG JY MY**!."
amen

xluv

"GEEN PRETENSIE GEEN BEHEER"

Ek lê my wapens neer
Vanaand vir die eerste keer
Sien ek myself in jou oë
Ek het hierdie oorlog verloor
Ek staar na die bloed op my hande
Ek weet ek het verander
Jy dink ek praat net weer
Ek het jou lief
Ek sweer

Geen pretensie
Geen beheer

Buite die stemme wat skater
Vriende wat groet
Sien jou later
Elkeen vind sy pad
Ek weet ek moet ook my skat

Hey, my sweet
Hey, my baby
Jy's my toevlug
Wil jou nooit laat huil nie
Jy's my lied
Jy's my wysie
Ons het 'n hond
Ons het 'n huisie
Ek het genoeg gegee
Ek het genoeg geskree
Ek het lankal terug geleer
Maar nog steeds het ek probeer
Vlug soos 'n verraaier
Van dit wat my vashou
Daar was monsters in die donker
Toe vind ek jou
Ek sweer

Geen pretensie Geen beheer